Bepalings en voorwaardes

1. Studente moet ń **minimum van 80 kilometer** vanaf ń bestaande Akademia-studiesentrum woonagtig wees.

2. Indien studente weens werksverpligtinge nie kontaksessies op die na-uurse rooster kan bywoon nie, kan **werkgewers 'n motiveringsbrief** indien.

3. Studente wat **weens mediese redes** nie kontaksessies vir ń bepaalde tyd kan bywoon nie, kan aansoek doen om oor te skakel na die blokrooster om te verseker dat daar aan eksamentoelatingsvereistes voldoen word.

4. Huidige studente wat **verhuis** na areas waar geen Akademia-studiesentrum geleë is nie, kan aansoek doen om na die blokrooster oorgeskuif te word.

5. Studente word verplig om **alle (vier) bloksessies by te woon**. Indien ń bloksessie gemis word, sal studente vooraf reëlings moet tref om kontaksessies by te woon om sodoende aan eksamentoelatingsvereistes te voldoen.

6. Die **sperdatums vir assesserings en tutoriale** van die na-uurse rooster sal ook geld vir studente op die blokrooster. **Geen uitstel sal aan enige student vergun word nie.**

7. **Toets- en eksamenroosters** vir die na-uurse rooster geld ook vir die studente op die blokrooster. Geen uitsonderings sal gemaak word nie.

8. Na die registrasietydperk verstryk het, sal die **assesseringsentrums** aan blokroosterstudente toegeken en gekommunikeer word.

9. Blokroosterstudente moet **rekenaarfasiliteite** en **toegang tot betroubare internet** met **genoegsame bandwydte** hê om assesserings, tutoriale en toetse suksesvol af te lê en kontaksessies af te laai. Rekenaar- en internettoegang is die **student se verantwoordelikheid**, en Akademia sal nie in hierdie verband aanspreeklik gehou kan word nie.

10. Blokroosterstudente wat vakke kanselleer of hulle **studies staak**, word soos op die na-uurse rooster aanspreeklik gehou vir die dienste wat deur Akademia aan die student verskaf is, ongeag of die bloksessies reeds plaasgevind het. Bepalings en voorwaardes vir kansellasies geld soos vir studente op die na-uurse onderrigleermodel.

11. Blokroosterstudente is verantwoordelik vir hulle **eie verblyf en verversings** tydens die bloksessies.